

## KWAGGAS SKOP WEER IN BOLAND

Die laaste Kwagga ooit, het gesterf in Augustus 1883 in 'n Amsterdamse dieretuin, maar wie sou kon raai dié ongewone zebra gaan weer runnik runnik op die Kapse vlaktes?

In 1969, het Reinhold Rau, van die Suid Afrikaanse museum in Kaapstad, weefsel ontdek aan 'n Kwagga-vel wat behoue gebly het. Vandaar het Rau begin droom om die Kwagga uit die dode te rys. Die weefsel is na Calefornië gestuur vir DNA toetse en daar is bewys dat die Kwagga 'n sub-spesie van die zebra is wat die laaste keer in 1860 in die Kaapse distrikte geheers het. Die DNA stem basies ooreen.

Die Kwagga Projek het aanvanklik begin in 1987 en word tans bewerkstellig op agt verskillende areas, waarvan Elandsberg Plase een is, en terloops, ook die voorste teelarea. Elandsberg Plase, geleë 20km buite Wellington, het nou 23 zebbras wat oorsprong moet gee aan Kwaggas. Die eerste tien het in Oktober 1993 arriveer en is op die reservaat vrygelaat. Die Elandsberg reservaat beslaan ongeveer 4000ha natuurlike plantegroei soos Fynbos en Renosterveld.

Kwaggas verskil van zebbras in die opsig dat dit meer bruin van kleur is met 'n afwesigheid van strepe op die agterlyf en bene, en meer strepe op die kop en nek. Die zebbras van die Kwagga Projek is selektief uitgesoek vanuit Etosha Wild Reservaat en Kwazulu Natal. Vulletjies wat reeds gebore is, is definitief 'n galop nader aan die Kwagga; hulle het almal minder of ligter strepe op die agterlyf.

Daar is reeds 'n tweede generasie vulletjie op Elandsberg gebore in 1998 wat groot opgewondenheid gebring het. Verlede jaar Februarie, is 'n pragtige Kwagga-verwante vul gebore en hou hoop in die toekoms van die Kwagga Projek.

Indien die projek 'n sukses sal wees, sal dit ook die eerste keer in die geskiedenis van die wêreld wees dat 'n uitgestorwe dier weer herleef word. So wie weet, na meer as 'n eeu se wag kan die Kwagga weer skop in die Boland.

(Ek is tans 'n natuurbewaring student op Elandsberg Plase en doen my prakties. Hiermee wil ek net aanvul op my praktiese ondervinding wat deel uit maak van omgewingsopvoeding.

Dankie,

Amanda Kalis )